



# San Kode van Navorsings Etiek

South African San Institute 2017



# RESPEK

Ons verdien respek, nie net vir individue nie, maar ook vir die gemeenskap.

Ons verdien respek vir ons kultuur, wat ons geskiedenis insluit. Sekere aangeleenthede bly sensitief, wat nie alombekend is nie. Respek word dus vertoon wanneer ons ten alle fases insette in navorsings voorstelle mag lewer, ten einde daardie sensitiwiteit te verduidelik.

Respek vir ons kultuur sluit in respek vir ons verhouding met die omgewing.

Respek vir individue vereis die beskerming van ons privaatheid ten alle tye.


Respek vereis dat ons bydrae tot navorsing ten alle tye erken word.

Respek vereis dat beloftes gemaak deur navorsers nagekom behoort te word.

Respekvolle navorsers kontak ons voordat navorsing begin word. Daar behoort geen aanname te wees dat San outomaties enige navorsingsprojekte wat voorgestel word, sal aanvaar nie.

Ons het 'n gebrek aan respek dikwels in die verlede ervaar. In Genomiese navorsing, was ons leiers vermy en geensins respek vertoon nie. Navorsers het fotos geneem van individue in hulle huise, van borsvoedende moeders, of van jong kinders, sonder erkenning van ons eie sosiale gewoontes en norms. Omkoopgeld en ander beloftes is aangebied.

Versuim deur navorsers om hulle beloftes om terugvoering na te kom is 'n vorm van disrespek wat dikwels teëgekem word.



# Eerlikheid

Ons vereis eerlikheid van alle persone wie na ons toe kom met navorsingsvoorleggings.

Ons vereis 'n oop en duidelike interaksie tussen die navorsers en ons leiers. Die taal moet duidelik wees en nie akademies nie. Komplekse kwessies moet versigtig en korrek beskryf word en daar mag nie aangeneem word dat die San nie kan verstaan nie. Die inligting moet eerlik gedeel word.

Ope interaksie behoort nie San te benadeel nie. Oopinteraksie impliseer dat 'n aanslag gemaak is van moontlike nadeling of probleme vir die San, as gevolg van die navorsing en dat hierdie moontlike nadele eerlik gekommunikeer word.


Vooraf- ingeligte toestemming kan slegs verkry word deur eerlike kommunikasie wat versigtig gedokumenteer moet word. Eerlikheid beteken ook absolute deursigtigheid in alle aspekte van die betrokkenheid, insluitend die befondsing situasie, die doel van die navorsing en enige veranderinge wat mag gebeur tydens die proses.

Eerlikheid vereis 'n oop en deurlopende modus van kommunikasie tussen die San en die navorsers.

Gebrek aan eerlikheid was al in die verlede teëgekem. Navorsers het afgewyk van die uiteindelijke doel van navorsing. Hulle het afgewyk in hulle belofte om eers hulle navorsing vir die San te wys voor publikasie, en die gepubliseerde artikels wys bevooroordeelings gebaseer op leidende vrae aan jong San leerlinge. Hierdie gebrek aan eerlikheid het gelei tot skade in die publiek asook tot 'n gebrek aan vertroue tussen die organisasie en die San.

'n Ander gebrek aan eerlikheid is as gevolg van oordrewe beskrywings van die navorsers se gebrek aan hulpbronne, wat dan lei tot die navorsers se beweerde onvermoë om enige voordele te verskaf.

# Geregtigheid en Regverdigheid



Ons vereis geregtigheid en regverdigheid in navorsing.

Dit is belangrik dat die San sinvol betrek word in die voorgestelde studies, insluitend watter voordele deelnemers en die gemeenskap mag verwag. Voordele kan grootliks nie-monêter wees, maar sluit mede-navorsings- geleenthede in, 'n deling van vaardighede en navorsingskapasiteit asook rolle vir vertalers en navorsingsassistenten.

Enige moontlike voordele moet met die San bespreek word om te verseker dat die voordele terug gaan na die gemeenskap.

As deel van geregtigheid en regverdigheid wil die San voldoening aan enige oortreding van die kode afdwing, insluitend die gebruik van dispuutbeslegtingsmeganismes.

In uitere gevalle sal die lys en publikasie van onetiese navorsers in 'n swart boek aangeteken word. 'n Instelling wie se navorsers versuim om die Kode na te kom mag geweier word om in die toekoms verdere navorsing te doen. Dus sal daar "gevolge" wees vir navorsers wat versuim om aan die kode te voldoen.

Gebreke aan geregtigheid en regverdigheid is in die verlede teëgekome. Dit sluit in diefstal van tradisionele San kennis deur navorsers. Ter selfde tyd het baie maatskappye in Suid-Afrika asook wêreldwyd voordeel gekry deur ons tradisionele kennis en verkope van inheemse plant variëteite sonder voordeel delende ooreenkomste, wat dus bewys dat daar behoefte is om die maatreëls te volg en om daardeur regverdigheid te verseker.

## Sorg

Navorsing moet gebonde wees aan plaaslike behoeftes en moet die lewens van die San bevorder. Dit beteken dat die navorsing prosesse uitgevoer moet word met sorg vir alle persone wat ingesluit is, in besonder die San gemeenskap.

Die sorg aspek van die navorsing moet uitbrei word na die families van die deelnemers asook na die sosiale en fisiese omgewing.

Uitstekende navorsing word ook vereis ten einde om positief en sorgvuldig vir die San te wees. Navorsing wat nie op hoë standaard is nie mag tot die gevolg van slegte interaksies met die gemeenskap lei.

In die navorsing moet die San mense, soos hulle is, aanvaar word en moet kennis geneem word van die kulturele en sosiale vereistes van die etiese kode.

Gebreke aan sorg was in die verlede dikwels teëgekome soos byvoorbeeld waar daar aan ons afgepraat is of waar daar verwarring was met ingewikkelde wetenskaplike taal of ons is behandel as onkundig. Die versuim om te verseker dat iets agtergelaat word wat die lewens van die San verbeter dien ook as 'n tekort aan sorg.





## Proses

Die proses van navorsingsprotokolle wat uitgesit is moet versigtig deur navorsers gevolg word om die etiese Kode in werking te sit.


Die San navorsingsprotokol wat bestuur word deur die San Raad, is 'n belangrike proses waarop ons besluit het en wat ons spesifieke vereistes deur elke stap van die navorsingsproses sal deurgevoer word.

Die proses begin met 'n navorsingsidee wat gesamentlik ontwerp is en wat dan deur die goedkeuring van die projek en daaropvolgende publikasies uitgevoer word.

Die San is verpligom regverdig saam met navorsers te werk, en om alle stadiums van die navorsingsproses effektief te hanteer. Hulle is ook toegewyd daaraan om die verskeie plaaslike San strukture te respekteer (b.v Vereniging vir Gemeenskaplike Eiendom, VGE leiers) in hulle kommunikasie tussen die San leiers en San gemeenskappe.

Andries Steenkamp die gerespekteerde San leier wie tot hierdie etiese kode tot sy afsterwe in 2016 bygedra het, het navorsers versoek om deur die deur te kom, en nie deur die venster nie.

Die deur beteken hierdie San navorsingsproses. Wanneer navorsers die deur respekteer, sal ons, die San, positiewe navorsing kan verseker.



**Kontakbesonderhede: [admin@sasi.org.za](mailto:admin@sasi.org.za)**

South African San Institute, 4 Sanda Park, Platfontein

Farm, Barkly-West /

Kimberley Road, Kimberley,

Northern Cape, South Africa.

